# DIE TOTSTANDKOMING VAN 'N SELFSTANDIGE DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE IN DIE TRANSVAAL

**W A Stals**
*Universiteit van Pretoria*

Henrique Shepstone se aanstelling as die eerste Sekretaris van Naturellesake in Transvaal drie maande na die Britse anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek in April 1877, het die idee laat ontstaan dat sowel hierdie amp as 'n selfstandige departement van Naturellesake deur die Britte in die lewe geroep is. Afgesien daarvan dat hierdie opvatting nie korrek is nie, het dit ook tot gevolg dat 'n belangrike aspek van die ontwikkeling van die administrasie van die swartes in die Zuid-Afrikaansche Republiek oor die hoof gesien word.

In sy *Aanspraak* tydens die buitengewone Volksraadsitting in Februarie 1873 het president T.F. Burgers daarop gewys dat die reis wat hy na die grense van die Zuid-Afrikaansche Republiek onderneem het, hom daarvan oortuig het "dat die diensten van een bekwaam ambtenaar als een commissaris voor de naturellen niet langer, zonder groot nadeel voor het land kunnen gemist worden".[1] Burgers wou egter nie onmiddellik 'n te groot finansiële las op die landsfinansies lê nie. Gevolglik het hy voorgestel dat die salaris van die landdrosskap van Utrecht verdubbel moes word en dat sowel die amp van Kommissaris van Naturelle as dié van landdros, aan 'n bekwame amptenaar toevertrou moes word.[2]

Verskeie soortgelyke voorstelle is by die Volksraad ingedien, maar is almal verwerp.[3] Ten einde laaste het die Volksraad besluit om "aan de regering op te dragen de nodige voorziening te maken in het aanstellen van een bekwaam ambtenaar als Commissaris voor de naturellen met sodanige salaris als de finantiële toestand des lands zal toelaten".[4] Uit hierdie besluit blyk dit dus duidelik dat, anders as wat Burgers voorgestel het, 'n afsonderlike amptenaar aangestel sou word wat uitsluitlik as Kommissaris van Naturelle sou fungeer. Op grond van hierdie besluit en die verdere verloop van sake, kan met 'n redelike amte van sekerheid aanvaar word dat die besluit om 'n Kommissaris van Naturelle aan te stel, reeds in 1873 geneem is en nie eers met die aanname van Wet No. 3 van 1876 nie.

Met die Volksraadsitting van September 1874 het J. Birkenstock gevra waarom G.M. Rudolph as waarnemende landdros van Utrecht aangestel is en nie, ooreenkomstig die Volksraadsbesluit van 1873, as Kommissaris van Naturelle nie.[5] Dit is opvallend dat Birkenstock hier feitlik te kenne gee dat Rudolph vir Kommissaris van Naturelle geoormerk was — 'n vermoede wat deur latere gebeure bevestig word. Burgers het hierop geantwoord dat "de aanstelling van een Commissaris voor Naturellen nog niet is gedaan, om reden de finantien zulks niet toelieten."[6] Dit verklaar dan ook waarom daar nie in die begroting vir die diensjaar van 1 Februarie

---

Alle argivale bronne waarna verwys word, berus in die Transvaalse Argiefbewaarplek.

1. ZAR 49, Byvoegsel tot die *Staat Scourant der Z.A.R.*, 4.3.1873: *Aanspraak* van pres. T.F. Burgers, 24.2.1873, art. 4.
2. *Ibid.*
3. ZAR 49, Byvoegsel tot die *Staats Courant der Z.A.R.*, 4.3.1873: Volksraadsitting, 4.3.1873, art. 22.
4. *Ibid.*
5. ZAR 50, Byvoegsel tot die *Staats Courant der Z.A.R.*, 25.11.1874: Volksraadsitting, 3.11.11874, art. 198.
6. *Ibid.*

1984 tot 31 Januarie 1875[7] en waarskynlik ook nie in die geval van dié vir Februarie 1975 tot Januarie 1876, vir 'n Kommissaris van Naturelle voorsiening gemaak is nie.[8]

In 1876 het die kwessie van die aanstelling van 'n Kommissaris van Naturelle weer sterk op die voorgrond getree. Tydens die Volksraadsitting van daardie jaar het president Burgers aan die Volksraad voorgestel "om geen tijd te laten verloren gaan, dat er eene commissie zal benoemd worden om de geheele Kafferkwestie te onderzoeken en daaroor een volledig rapport aan den Raad uit te brengen." In die bespreking wat hierop gevolg het, het P. Joubert verklaar dat hy "wenscht de geheele Kaffer politiek door eene commissie vooraf behandeld te zien ..." Die heer De Vries het weer te kenne gegee dat hy ten gunste is van Burgers se voorstel om "een Superintendent van inboorlingen" aan te stel. 'n Kommissie is gevolglik benoem "om de geheele kafferkwestie in behandeling te nemen ..."[9] Sowat 'n maand later, op 1 Junie 1876, het die Kommissie sy verslag by die Volksraad ingedien.[10]

Voordat die Kommissie se verslag deur die Volksraad in behandeling geneem is, het die Raad op 7 Junie 'n bedrag van £600, waarvoor in die begroting van 1 Februarie 1876 tot 31 Januarie 1877 voorsiening gemaak is, vir 'n "Superintendent Kafferzaken ... met verandering van het woord 'Kafferzaken' in 'Naturellen' ", goedgekeur. Vir die eerste keer sedert die Volksraad in 1873 besluit het om 'n Kommissaris van Naturelle aan te stel, is daar vir die uitgawe in verband met so 'n amp voorsiening gemaak. Twee dae hierna, op 9 Junie, het die Volksraad die Kommissie se verslag waarby 'n wetsontwerp met betrekking tot die administrasie van die swartes aangeheg was, in behandeling geneem.[11] Hierdie wetsontwerp is sonder enige wysiging as Wet No. 3 van 1876 deur die Volksraad goedgekeur.[12] Daarvolgens is, volgens Henrique Shepstone, baie belangrike veranderings in die administrasie van die swartes teweeggebring en tewens 'n totaal nuwe administrasiestelsel vir die swartes in die Zuid-Afrikaansche Republiek tot stand gebring.[13]

Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die aanstelling van sowel 'n Kommissaris van naturelle as vir 'n aantal onderkommissarisse wat belas was met die administrassie van die swartstamme wat op permanente lokasies, d.w.s. grond wat as 'n woonplek vir die swartes opsy gesit is, gewoon het. Hierteenoor sou die administrasie van die swartes wat by Blankes gewoon het of by hulle in diens was, deur die veldkornette behartig word.[14] Met betrekking tot die amp van Kommissaris van Naturelle, moet egter daarop gewys word dat ofskoon daar in Wet No. 3 van 1876 na 'n Kommissaris van Naturelle verwys word,[15] daar in die instruksies van die onderkommissarisse wat krag-

7. ZAR 50, Byvoegsel tot die *Staats Courant der Z.A.R.*, 2.12.1874: Begroting van Inkomsten en Uitgaven in die Z.A.R. voor het Dienstjaar van af 1 Februari 1874 tot 31 Januari 1875.
8. ZAR 51, Byvoegsel tot die *Staats Courant der Z.A.R.* 2.6.1875: Begroting van Inkomsten en Uitgaven ... voor het Dienstjaar van af 1 Februarie 1875 tot 31 Januari 1876.
9. ZAR 52, Byvoegsel tot die *Staats Courant der Z.A.R.*, 1876: Volksraadsitting, 8.5.1876, art. 40.
10. *Ibid.* 26.2.1876: Volksraadsitting, 1.6.1876, art. 6.
11. *Ibid.*, 2.8.1876: VRB, 7.6.1876, art. 119.
12. *Ibid.*, 9.8.1876: Volksraadsitting, 9.6.1876, art. 143.
13. W 21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p. 5: Toespraak van H.C. Shepstone op 15.3.1880.
14. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849—1885, p. 663: Wet No. 3, 1876, Wet "Betreffende de Naturellen", art. 3; ZAR 52, *Staats Courant der Z.A.R.*, 13.9.1876: Goewermentskennisgewing No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 1; W21, Band 6, Minutes of Legislative Assembly, 1880, p. 19: Sitting op 1.4.1880.
15. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849—1885, p. 663: Wet No. 3, 1876, art. 3.

tens dié wet in September 1876 gepubliseer is,[16] met 'n enkele uitsondering,[17] net soos in die begroting vir 1876—1877, deurgaans na 'n Superintendent in stede van na 'n Kommissaris van Naturelle verwys word. Hoewel hierdie benamings op dieselfde amp betrekking gehad het, blyk dit dat die benaming Superintendent van Naturelle dié van Kommissaris vervang het.

In soverre dit die werksaamhede van die onderkommissarisse betref, word daar, afgesien van die funksies waarna in Wet No. 3 van 1876 verwys word[18], ook 'n uiteensetting van hulle werksaamhede gegee in die instruksies waarna hierbo verwys is. Volgens hierdie instruksies word 'n onderkommissaris vir 'n bepaalde distrik aangestel, tensy hierdie bepaling deur 'n spesiale Regeringsbesluit gewysig sou word.[19] In hierdie distrik was sy werksaamhede beperk tot die swartes wat op permanente lokasies gewoon het.[20] Oor hierdie lokasies het hy 'n dubbele gesag uitgeoefen, naamlik dié van bestuurder en regter. Hierbenewens was hy ook die hoof van die polisie van sy distrik.[21]

In sy hoedanigheid as bestuurder het 'n onderskommissaris 'n hele aantal administratiewe pligte gehad waaraan uitvoering gegee moes word. Met inagneming van die swartes wat op 'n permanente lokasie gewoon het en van voorneme was om hulle distrik op 'n vriendskaplike voet te verkeer. Ook moes hy probeer om hulle deur sy raadgewing, onderrig en voorbeeld vir die beskawing en trou aan die staat te wen.[22] Dit was verder sy taak om die kapteins behulpsaam te wees met die beslegting van geskille, die uitvoering van wette, die invordering van belasting en die instandhouding van 'n boekestelsel wat volgens die voorskrifte van die Regering aangelê moes word.[23]

Met die oog op die behoorlike invordering van die belasting wat deur die swartes betaal moes word, was elke onderkommissaris, met die samewerking van die betrokke kaptein, verplig om vir elke lokasie wat onder sy beheer gestaan het, 'n afsonderlike boek vir elk van die volgende aan te lê: 'n numeriese lys van alle bewoonde hutte, die name van al die manlike swartes ouer as 20 jaar,[24] die name van al die swartes wat in besit was van 'n gestempelde geweer, passe wat uitgereik is aan swartes wat hulle buite die grense van Transvaal begeef het en 'n boek waarin alle inkomstes en uitgawes aangeteken word.[25]

'n Verdere aspek van die werksaamhede van die onderkommissarisse was die uitreiking van passe. Aangesien 'n swarte nie in diens geneem kon word nie tensy hy in besit van 'n pas was, moes die onderkommissarisse 'n gratis pas of sertifikaat uitreik aan elke swarte wat sy lokasie wou verlaat om binne die grense van die Zuid-Afrikaansche Republiek werk te gaan soek.[26] Wanneer 'n swarte op 'n wettige wyse vir

16. ZAR 52, *Staats Courant der Z.A.R.*, 13.9.1876: G.K. (Goewermentskennisgewing) No. 263, 9.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ...
17. *Ibid.*, art. 1.
18. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849—1885, p. 663: Wet No. 3, 1876, art. 3.
19. ZAR 52, *op. cit.*, art. 4.
20. Vgl. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849—1885, pp. 662—663: Wet No. 3, 1876, art. 1 en 2; ZAR 52, *Staats Courant der Z.A.R.*, 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris, art. 1.
21. ZAR 52, *Staats Courant der Z.A.R.*, 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris, ..., art. 3.
22. *Ibid.*, art. 6.
23. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849—1885, p. 663: Wet No. 3, 1876, art. 3.
24. *Ibid.*, art. 5.
25. ZAR 52. *Staats Courant der Z.A.R.*, 13.9.1876: G.K. No. 263. 9.9.1876, Instructie voor den Onder-COmmissaris ..., art. 11.
26. *Ibid.*, art. 13; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): Locale Wetten ..., 1849—1885, p. 664: Wet No. 3, 1876, art. 7 en 9 (a).

so 'n pas aansoek gedoen het, was 'n onderkommissaris verplig om dit aan hom te verleen. Indien hy sou weier, het hy hom aan 'n boete van £1 tot £5 blootgestel.[27] Aan die swartes wat op 'n permanente lokasie gewoon het en van voorneme was om hulle buite die grense van die Republiek te begewe, moes 'n buitelandse pas teen 'n betaling van £2 uitgereik word.[28]

'n Verdere verpligting wat op die onderkommissarisse gerus het, was om al die gewere wat aan die swartes behoort het wat onder sy jurisdiksie gestaan het, elke jaar te inspekteer. Op hierdie wyse is daar gepoog om te verseker dat die gewere wat aan die swartes behoort het van die nodige goewermentstempel voorsien was. Ook was dit die onderkommissarisse se taak om toe te sien dat daar op elke lokasie polisiedienare aangestel word.[29]

Die onderkommissarisse was verder verplig om elke drie maande sowel 'n verslag van hulle werksaamhede[30] as 'n kort maar volledige oorsig oor sy administrasie en oor die toestand van die swartes in sy distrik aan die Superintendent van Naturelle voor te lê.[31] Solank daar nog nie 'n superintendent aangestel was nie, moes hierdie verslae aan die Regering voorgelê word. Elke maand moes 'n geldelike verslag asook 'n verslag oor hulle werksaamhede as hoof van die polisie van hulle onderskeie distrikte, aan die landdros van die distrik beskikbaar gestel word.[32]

In sy hoedanigheid as regter het die juridiese pligte van die onderkommissaris hom met die taak belas om alle siviele sake tussen swartes wat aan hom voorgelê word, asook sekere kriminele sake, te verhoor. In siviele sake tussen swartes, het 'n onderkommissaris dieselfde regsbevoegdheid as 'n landdros gehad. In kriminele sake het hy hom as hoof van die polisie van sy distrik, bepaal tot polisie- en ander kleiner kriminele sake soos wat gewoonweg deur 'n landdros verhoor word. By die oplegging van sy vonnisse, moes hy hom hou aan die reëls wat in dié verband vir die landdroste neergelê was. In die uitoefening van sy regspraak in siviele sake tussen swartes, moes hy in soverre dit nie met die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek strydig was nie, op die gewoontes van die swartes ag gee. Van sy vonnisse moes 'n onderkommissaris gereeld aan die staatsprokureur en aan die Superintendent van Naturelle verslag doen. Teen die uitspraak van 'n onderkommissaris kon na die Hof van Landdros en Heemrade geappelleer word.[33] Indien die swartes wat op 'n lokasie gewoon het, die advies van 'n onderkommissaris in geval van 'n siviele geding tussen die bewoners van so 'n lokasie en 'n blanke sou vra, was hy verplig om die gevraagde advies *pro Deo* te gee.[34] As vrederegter was 'n onderkommissaris bevoeg om beëdigde verklarings af te

---

27. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849—1885, p. 665: Wet No. 3, 1876, art. 9(e) en 10.
28. ZAR 52, *Staats Courant der Z.A.R.*, 13.9.1876: G.K. NO. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ... art. 13; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849—1885, p. 666: Wet No. 3, 1876, art. 16.
29. ZAR 52, *Staats Courant der Z.A.R.*, 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-COmmissaris ..., art. 14 en 15. Vir die verdere behandeling van polisie-aangeleenthede sien G.N. van den Bergh: *Die Polisiediens in die Zuid-Afrikaansche Republiek* (Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1975).
30. ZAR 52, *Staats Courant der Z.A.R.*, 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 5.
31. *Ibid.*, art. 12.
32. *Ibid.*, art. 5.
33. ZAR 52, *Staats Courant der Z.A.R.*, 13.9.1876: G.K. No. 263, 9.9.1876, Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 8 en 9.
34. *Ibid.*, art. 10.

neem.[35]

Afgesien van hierdie pligte was daar 'n verdere aantal wetlike bepalings wat deur die onderkommissarisse behartig moes word. Vanweë die aard van hierdie bepalings was dit egter nodig dat die onderkommissarisse vir die uitvoering daarvan spesiale instruksies van die Superintendent van Naturelle moes ontvang.[36] Die bepalings was die volgende: Ten einde "beskawing en nywerheid" by die swartes aan te moedig, het die regering die bevoegdheid gehad om die ondernemings wat in enige lokasie arbeidsaamheid bevorder en ambagte aan die swartes geleer het, geldelik te steun tot 'n bedrag van hoogstens 10% van die belasting wat by so 'n lokasie ingevorder is. Hierdie geld moes egter onder toesig van die regering as 'n aanmoediging aan die mees gevorderde leerlinge toegeken word. Ter bevordering van beskawing en sedelikheid onder die swartes, is daar bepaal dat alle swartes wat 'n dorp, kerk of skool besoek het, vanaf die skouers tot die knie gekleed moes wees. Die "koop" van vrouens en poligamie onder die swartes, sou nie deur die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek erken word nie. Die onderkommissarisse sou as huweliksbeamptes aangestel word, ten einde die huwelikswette en -tariewe wat deur die Regering vasgestel sou word, ten uitvoer te bring.[37] In soverre dit die bestaande kapteinskappe betref, is daar in 1876 besluit dat ingeval van 'n oortreding van enige wet of van sy instruksies, so 'n kaptein hom aan 'n boete of ontsetting van sy kapteinskap blootgestel het. Erflike opvolging sou nie langer in die Zuid-Afrikaansche Republiek erken word nie, aangesien die Regering self oor opvolgingsaangeleenthede sou besluit. Enige persoon wat hom sonder magtiging van die Regering, met swart politiek of enige ander saak van algemene belang met betrekking tot die swartes sou bemoei, het hom aan 'n boete of gevangenisstraf blootgestel.[38] Indien die bewoners van 'n groot lokasie hulle skuldig sou maak aan 'n rebellie wat die afsetting van hulle kaptein tot gevolg sou hê, sou hulle nie toegelaat word om as 'n stam langer bymekaar te woon nie. So 'n stam sou in die belang van vrede en veiligheid, na plekke verskuif word wat deur die regering aangewys sou word.[39]

Hoewel dit nóg in Wet No. 3 van 1876 nóg in die instruksies wat kragtens hierdie wet vir die onderkommissarisse opgestel is[40] uitdruklik so gestel word, bestaan daar min twyfel dat die Kommissaris[41] of Superintendent[42] van Naturelle aan die hoof sou staan van die onderkommissarisse wat belas was met die administrasie van die swartstamme wat op permanente lokasies gewoon het. Trouens, hierdie feit blyk duidelik uit die pligte wat hy moes vervul en die skakeling wat tussen hom en die onderkommissarisse sou bestaan. Op hom het die taak gerus om toe te sien dat die wette uitgevoer word wat op die stamme betrekking gehad het waaroor die onderkommissarisse aangestel sou word.[43] Vir die uitvoering van 'n aantal bepalings van Wet

35. *Ibid.*, art. 8.
36. *Ibid.*, art. 16.
37. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849—1885, p. 667: Wet No. 3, 1876, art. 22, 23 en 24.
38. *Ibid.*, art. 27 en 28.
39. *Ibid.*, art. 29.
40. ZAR 52, *Staats Courant der Z.A.R.*, 13.9.1876: G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ...
41. So genoem in die instruksies vir die Onderkommissarisse en Wet No. 3 van 1876. Sien art. 1 en art. 3, onderskeidelik.
42. So genoem in die instruksies vir die Onderkommissarisse. Sien o.a. art. 5, 7, 12, 16, ens.
43. ZAR 52, *Staats Courant der Z.A.R.*, 13.9.1876: G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 1.

No. 3 van 1876, sou die onderkommissarisse spesiale opdragte of instruksies van die superintendent ontvang.[44] In die geval van 'n verskil tussen 'n swartkaptein en 'n onderkommissaris sou die Superintendent van Naturelle uitspraak moes lewer.[45] Van alle vonnisse wat 'n onderkommissaris sou vel, moes gereeld verslag aan die superintendent gedoen word.[46] Elke drie maande moes die onderkommissarisse 'n verslag van hulle werksaamhede,[47] 'n kort maar volledige oorsig oor hulle administrasie en oor die toestand van die swartes wat onder hulle beheer gestaan het, aan die superintendent voorlê.[48] Op hierdie wyse sou die superintendent dan onder andere op die hoogte kon bly met die toestand van die verskillende stamme. In geval 'n onderkommissaris sy instruksies te buite sou gaan, kon die superintendent hom met 'n maksimum van £50 beboet of vir 'n tydperk van hoogstens twee maande uit sy amp skors. In hierdie opsig sou 'n onderkommissaris egter die reg hê om hom op die Uitvoerende Raad te beroep. Gesien in die lig van die bepalings dat die superintendent in geval van 'n ernstige oortreding deur 'n onderkommissaris slegs in opdrag van die Uitvoerende Raad kon handel[49] en dat hy aan die Uitvoerende Raad verantwoording moes doen van sy uitspraak indien 'n verskil tussen 'n onderkommissaris en 'n swartkaptein sou ontstaan,[50] wil dit voorkom asof hy, net soos in die geval van 'n hoof van 'n staatsdepartement, aan die Uitvoerende Raad verantwoording verskuldig was.

Na aanleiding van die voorafgaande ontstaan die vraag wat die posisie van die superintendent in die algemene landsbestuur was. Op grond van die begroting vir die diensjaar Februarie 1876 tot Januarie 1877[51] wil dit voorkom asof die Superintendent van Naturelle as amptenaar dieselfde posisie in die landsbestuur as dié van die hoofde van ander staatsdepartemente, soos byvoorbeeld die posmeester-generaal, weesheer en landmeter-generaal beklee het en dat hy, net soos hierdie amptenare, nie lid was van of sitting in die Uitvoerende Raad gehad het nie. Dat die idee wel bestaan het dat die Superintendent van Naturelle lid van die Uitvoerende Raad behoort te wees, blyk uit 'n memorandum[52] wat president Burgers met die oog op Wet No. 3 van 1876 opgestel het.[53] Hierin verklaar Burgers dat "de Naturellen kwestie vereischt hier te lande ook een gelykvormige behandeling en liefst zou ik zien dat er in de Uit(voerende) Raad een lid zat dat als (minister) commissaris van kaffer zaken ageert. Dit zal de constitutie welligt niet toelaten". Gevolglik was daar geen ander uitweg as om, soos Burgers dit stel, "een Commissaris voor kaffer zaken als ambtenaar" aan te stel nie.[54]

Saamgaande met die voorafgaande is daar natuurlik die kwessie of dit die bedoeling was om deur die aanstelling van 'n Superintendent van Naturelle 'n selfstan-

---

44. *Ibid.*, art. 16.
45. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds): De Locale Wetten ..., 1849–1885, p. 663: Wet No. 3, 1876, art. 3.
46. ZAR 52, *Staats Courant der Z.A.R.*, 13.9.1876: G.K. No. 263, 12.9.1876: Instructie voor den Onder-Commissaris ..., art. 8.
47. *Ibid.*, art. 5.
48. *Ibid.*, art. 12.
49. *Ibid.*, art. 18.
50. F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds): De Locale Wetten der Z.A.R., 1849–1885, p. 663: Wet No. 3, 1876, art. 3.
51. ZAR 52, Byvoegsel tot die *Staats Courant der Z.A.R.*, 28.6.1876: Begrooting van Inkomsten en Uitgaven ... voor het Dienstjaar van af 1 Februari 1876 tot 31 Januari 1877. Hoofden van Uitgaven.
52. A 14, Band 14, No. 3678: Memorandum Omtrent de zaak der Naturellen, g.d., ongeveer Mei 1876.
53. W.A. Stals: *Die Kwessie van Naturelle-Eiendomsreg op grond in Transvaal, 1838—1884* (Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1972, Deel II), pp. 22–23 en 77–80.
54. A 14, Band 14, No. 3678: Memorandum Omtrent de zaak der Naturellen, Punt 2(e) van die memorandum.

dige departement van naturellesake in die lewe te roep. Hoewel daar in die begroting vir die diensjaar Februarie 1876 tot Januarie 1877 vir elkeen van die verskillende staatsdepartemente afsonderlik begroot is,[55] is daar, afgesien van die voorsiening wat vir die aanstelling van twee Naturellekommissarisse gemaak word, geen voorsiening vir 'n departement van Naturelle- of Inboorlingsake gemaak nie.[56] Die feit dat die amp van Superintendent van Naturelle saam met die ander hoofde van staatsdepartemente op die begroting aangetoon word, laat egter die vermoede ontstaan dat dit wel die bedoeling was om 'n selfstandige departement tot stand te bring. Trouens, uit die aangehaalde deel van Burgers se memorandum blyk dit dat so 'n idee in elk geval sedert 1876 bestaan het.

Hoewel Wet No. 3 van 1876 vir die aanstelling van 'n aantal onderkommissarisse voorsiening gemaak het, is die eerste onderkommissarisse eers sowat twee maande na die aanname van die wet, as *Commissarissen voor de Naturellen* aangestel. Die rede waarom die benaming onderkommissaris met dié van *Commissaris* vervang is, lê waarskynlik daarin dat toe die benaming Superintendent van Naturelle voorkeur bo dié van Kommissaris verkry het, die benaming onderkommissaris na dié van Naturellekommissaris verander is. Gevolglik is die volgende persone in Augustus 1876 in die betrekking aangestel: Oscar Dahl vir Zoutpansberg, W.V. King vir Waterberg en C. Schulze vir Lydenburg.[57] Drie maande later is R. Bell as 'n vierde Naturellekommissaris vir Nieuw Schotland en omgewing aangestel.[58]

In soverre dit die aanstelling van 'n Superintendent van Naturellesake betref, is daar wel in die begroting van 1876—1877 vir die salaris van so 'n amptenaar voorsiening gemaak, maar kon president Burgers nie iemand vind om die amp te beklee nie. Teen die einde van September of die begin van Oktober 1876, het Burgers vir G.M. Rudolph, landdros van Utrecht, tydens 'n besoek aan Pretoria, die betrekking aangebied. Rudolph het die President 'n antwoord skuldig gebly. Eers nadat hy na Utrecht teruggekeer het, het hy Burgers in kennis gestel dat hy as gevolg van "huiselyke en andere zaken" die betrekking nie kon aanvaar nie. Hy was egter van mening dat eerwaarde Alexander Merensky, Superintendent van die Berlynse Sendinggenootskap in Transvaal, "zeer geschikt zou zyn voor de betrekking van Supt. van Kaffir zaken".[59] Of Burgers hierna vir Merensky of enige ander persoon genader het, is nie bekend nie. Feit is egter dat die amp van Superintendent van Naturelle, soos dit in 1876 in die vooruitsig gestel is, vakant gebly het.

In Maart 1877 het die konsep van die amp van Superintendent van Naturelle 'n ingrypende verandering ondergaan. In 'n poging om sir Theophilus Shepstone se besware teen die inrigting van die staatsmasjinerie van die Zuid-Afrikaansche Republiek uit die weg te ruim en daardeur die dreigende anneksasie van die Republiek af te weer, het die Volksraad op 7 Maart 1877 besluit om die Grondwet só te wysig dat

55. ZAR 52, Byvoegsel tot die *Staats Courant der Z.A.R.*, 28.6.1876: Begrooting van Inkomsten en Uitgaven ... voor het Dienstjaar van af 1 Februari 1876 tot 31 Januari 1877.
56. ZAR 52, Byvoegsel tot die *Staats Courant der Z.A.R.*, 9.8.1876: Volksraadsitting, 8.6.1876, art. 127 en 128.
57. UR 5: URB, 31.7.1876, art. 127; ZAR 52, *Staats Courant der Z.A.R.*, 4.10.1876: G.K. No. 284, 2.10.1876. In hierdie Goewermentskennisgewing — net soos in baie ander gevalle — word Schulze se van verkeerdelik as Schultze aangedui.
58. UR 5: URB. 1.11.1876, art. 180; ZAR 52, *Staats Courant der Z.A.R.*, 6.12.1876: G.K. No. 424, 5.12.1876.
59. A 371, Band 4: G.M. Rudolph — Pres. T.F. Burgers, Utrecht, 7.10.1876.

die algemene landsbestuur in ses afsonderlike departemente verdeel sou word.[60] Een van die departemente wat sodoende tot stand gekom het, was 'n departement van Naturellesake, met aan die hoof daarvan 'n Sekretaris van Staat wat terselfdertyd ook lid van die Uitvoerende Raad sou wees.[61] Dit het beteken dat die benaming Superintendent van Naturelle nou na Sekretaris van Naturellesake sou verander en dat Burgers se idee van 1876 dat hierdie amptenaar lid van die Uitvoerende Raad moes wees, ook 'n werklikheid sou word.

Met die oog daarop dat die gewysigde Grondwet op 7 April 1877 in werking sou tree, het Burgers teen die middel van Maart die betrekking van Sekretaris van Naturellesake weer eens aan G.M. Rudolph aangebied[62] — 'n aanbod wat deur *De Volksstem* as "zeer oordeelkundig" bestempel is.[63] Rudolph het dit egter, net soos in 1876, van die hand gewys. As rede het hy onder andere aangevoer dat indien hy die betrekking sou aanvaar, hy hom as lid van die Uitvoerende Raad te Pretoria sou moes vestig — iets waarvoor hy nie kans gesien het nie.[64]

Op 5 April 1877, enkele dae voor die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek, het P.J. Joubert, die latere Superintendent van Naturellesake en Kommandant-generaal van die Republiek, in Pretoria aangekom. By die geleentheid het Joubert 'n onderhoud met Burgers gehad en het Burgers hom die betrekking van "hooft Commesares van Naturellen zaken" aangebied.[65] Na aanleiding hiervan het *De Volksstem* verklaar dat Joubert eers "tijd ter oorweging genomen" het.[66] In antwoord hierop het Joubert egter daarop gewys dat toe Burgers hom die betrekking aangebied het, hy hom bereid verklaar het "die betrekking tijdelijk te zullen aannemen totdat een ander persoon door de ... Regering zoude kunnen gevonden worden." Toe hy hierna van die Britse anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek verneem het, het hy besluit om nie die betrekking te aanvaar nie "om niet onder Britsche Goewerment eene betrekking te bekleeden ..."[67] Hierdie toedrag van sake het dus tot gevolg gehad dat die betrekking tot met die anneksasie van die Republiek in April 1877 vakant gebly het. Gevolglik het Henrique Shepstone, sir Theophilus se oudste seun, die eertse bekleër van die amp geword toe hy in Julie 1877 daarin aangestel is.[68]

Henrique se aanstelling het daartoe gelei dat daar met die loop van tyd 'n aantal onverdedigbare gevolgtrekkings met betrekking tot die amp van die Sekretaris van Naturellesake en die afsonderlike Departement van Naturellesake ontstaan het. In die eerste instansie bestaan daar geen grond vir die bewering dat die naam van die amp van Superintendent van Naturelle na dié van Sekretaris van Naturellesake verander is met die idee om 'n amp met 'n tipiese Engelse naam te skep, sodat sir Theophilus sy

60. ZAR 53, Byvoegsel tot die *Staats Courant der Z.A.R.*, 24.3.1877: Volksraadsitting, 7.3.1877, art. 32; F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849—1885, p. 681: Bijlage tot de Grondwet, Hoofstuk I, art. 9.
F. Jeppe en J.G. Kotzé (reds.): De Locale Wetten ..., 1849—1885, p. 681: Bijlage tot de Grondwet, Hoofstuk I, art. 9 en 10.
62. A 371, Band 5: Kopiebrieweboek, 27 November 1876 — April 1877 en 3 Maart 1878, No. 84: T.F. Burgers — G. Rudolph, Pretoria, 14.3.1877.
63. *De Volksstem*, 14.3.1877 (Het Nieuwe Ministerie).
64. A 371, Band 4: G.M. Rudolph — Staatspresident, Utrecht, 24.3.1877; G.M. Rudolph — Staatspresident, Utrecht, 24.3.1877 (Private skrywe).
65. A 14, Band 27, No. 2590: P.J. Joubert se herinneringe van die anneksasietydperk.
66. *De Volksstem*, 11.4.1877 (De Nieuwe Uitvoerende Raad).
67. *Ibid.*, 2.5.1877 (Brief van P.J. Joubert, Wakkerstroom, 19.4.1877); Sien ook A 14, Band 27, No. 2590: P.J. Joubert se herinneringe van die anneksasietydperk.
68. SS 8633, p. 174: N.J.R. Swart — H.C. Shepstone, Pretoria, 28.7.1877.

seun daarin kon aanstel nie.[69] Soos reeds gesê, het die benaming Sekretaris van Naturellesake sy ontstaan gehad toe die Grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek in Maart 1877 gewysig is.

'n Verdere onjuiste bewering is dat sir Theophilus met Henrique se aanstelling as Sekretaris van Naturellesake 'n nuwe amp in die lewe geroep het.[70] Soos uit die voorafgaande uiteensetting blyk, het dié amp sedert Maart 1877 bestaan, hoewel dit nie gevul kon word nie. Volgens sir Theophilus was die amp van Sekretaris van Naturellesake "an office created by the Volksraad on its last revision of the constitution of the late Republic but never filled up."[71]

In die derde instansie is dit belangrik om daarop te wys dat die bewering ook gemaak word dat een van die eerste optredes van die Britse regering in Transvaal was om 'n afsonderlike Departement van Naturellesake tot stand te bring — "an entirely admirable departure and one to the credit of the new Administration."[72] Soos hierbo aangetoon is, het die gedagte van so 'n departement al voor hierdie tyd bestaan en is trouens reeds in Junie 1876 kragtens Wet No. 3 van 1876 daarvoor voorsiening gemaak. Hoewel die pos nie gevul kon word nie is daar in Augustus 1876 'n aantal Naturellekommissarisse kragtens hierdie wet aangestel, wat ongetwyfeld die begin van 'n selfstandige departement was. Henrique Shepstone het dus aan die hoof gestaan van 'n afsonderlike Departement van Naturellesake waarvoor daar reeds voor die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek voorsiening gemaak was.

'n Laaste mistasting waarop gewys moet word, is dat die konstitusionele reëlings van Maart 1877 as gevolg van die anneksasie van die Republiek nie in werking gestel is nie.[73] Die feit dat die Uitvoerende Raad, soos saamgestel volgens die Gewysigde Grondwet, op 9 April 1877 vergader het,[74] is genoegsame bewys dat die wysigings waarop die Volksraad in Maart besluit het, wel in werking gestel is.

In welke mate die Naturellekommissaris tussen September 1876 en April 1877 aan hulle instruksies uitvoering gegee het, is moeilik om te bepaal. Dat sommige daarvan wel nagekom is, laat geen twyfel nie. Afgesien van die verslae wat hulle aan die Staatsekretaris gestuur het,[75] het sowel Dahl as King begin om belasting by die swartes in te vorder.[76] Dahl het ook verslag gedoen oor die passe wat hy uitgereik het,[77] terwyl

---

69. Sien in dié verband J. Malan: *Die werksaamhede van die amptenare belas met die administrasie van Naturellesake in die Z.AR. tot 1877* (Ongepubliseerde verhandeling, UP, 1958), p. 184.
70. J.A. Vorster: *Die Engelse Administrasie van Transvaal gedurende die Eerste Anneksasieperiode, 1877—1881* (Ongepubliseerde verhandeling, UP, 1951), p. 18.
ATC 3, p. 66: T. Shepstone — Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877; M 415, CO 291/2: Transvaal No. 10932: Sir T. Shepstone — Carnarvon, Pretoria, 31.7.1877.
72. E.H. Brookes: *The History of Native Policy in South Africa from 1830 to the Present Day*, p. 124. Sien ook I.L. Evans: *Native Policy in Southern Africa. An outline*, p. 11.
73. J.D. Huyser: *Die Naturelle-Politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1838—1877* (Ongepubliseerde proefskrif, UP, 1936), p. 132.
74. UR 5: Sitting van die Uitvoerende Raad op 9.4.1877; *De Volksstem*, 11.4.1877 (De Nieuwe Uitvoerende Raad).
75. Sien o.a. SS 219, R3190/76: O. Dahl — Staatsekretaris, Eersteling, 6.11.1876; Ibid., O. Dahl — Staatsekretaris, Eersteling, 8.11.1876; SS 222, R3485/76. O. Dahl — Staatsekretaris, Eersteling, 29.11.1876.
76. Sien o.a. SS 222, R3486/76: O. Dahl — Staatsekretaris, Eersteling, 29.11.1876; SS 232, R1190/77: O. Dahl — Staatspresident, Eersteling, 26.3.1877; SS 217, R2781/76: W.V. King — Staatspresident, 15.10.1876; 15.10.1876; SS 222, R3596/76: W.V. King — Staatsekretaris, 4.12.1876; Ibid., R3598/76: W.V. King — Staatspresident, Makapaanspoort, 27.11.1876.
77. SS 222, R3485/76: O. Dahl — Staatsekretaris, Eersteling, 29.11.1876.

King weer vir 'n stempel gevra het om die gewere te stempel wat in die swartes se besit was.[78]

Afgesien van die werksaamhede waarmee die Naturellekomissarisse hulle besig gehou het, moet egter ook daarop gewys word dat daar sekere aspekte van hulle werksaamhede was waaraan geen aandag bestee is nie. Die feit dat daar tot en met die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek nie 'n Sekretaris van Naturellesake was nie, laat die vermoede ontstaan dat daar geen aandag bestee is aan die bepalings vir die uitvoering waarvan die Naturellekommissarisse spesiale opdragte van die Superintendent of Sekretaris van Naturellesake moes ontvang nie. Die bepalings dat hierdie mense as huweliksbeamptes aangestel sou word, het inderdaad nooit gerealiseer nie. Trouens, 'n mens kry die idee dat die Naturellekommissarisse se werksaamhede in verband met hulle regterlike funksies ook maar gaandeweg op dreef gekom het.

Die rede vir hierdie toestand van sake was dat omstandighede tussen September 1876 en April 1877 nie juis van so 'n aard was dat die Naturellekommissarisse hulle werksaamhede in alle opsigte kon nakom nie. So byvoorbeeld het die Zuid-Afrikaansche Republiek hom ten tye van die aanstelling van die Naturellekommissarisse in Augustus 1876 reeds in 'n oorlog met die Pedi bevind. Afgesien van die onbestendige toestand wat hierdie oorlog onder die swartes tot gevolg gehad het, het die Naturellekommissarisse self probleme ondervind om met hulle werksaamhede aan die gang te kom.[79] En boonop het die Republiek nog met die dreigende anneksasie te kampe gehad. Wanneer hierdie sake in gedagte gehou word, is dit eintlik vanselfsprekend dat sekere aspekte van die Naturellekommissarisse se werksaamhede 'n dooie letter gebly het. Die feit, egter, dat Oscar Dahl hom op die instruksies van September 1876 beroep het om sy optrede te verduidelik[80] toe hy in April 1879 deur Henrique Shepstone as Sekretaris van Naturellesake oor sy optrede in 'n sekere saak berispe is, is weer bewys daarvan dat die Naturellekommissarisse selfs onder Britse bewind, hulle werksaamhede vir 'n tydlank volgens hierdie instruksies voortgesit het.

78. SS 217, R2775/76: W.V. King — Staatsekretaris, 12.10.1876.
79. Sien o.a. SS 217, R2743/76: C. Schulze — Staatsekretaris, Middelburg, 10.10.1876; SS 218, R2894/76: O. Dahl — Staatsekretaris, Eersteling, 14.10.1876; SS 222, R3856/76: O. Dahl — Staatspresident, Eersteling, 30.11.1876; SS 227, R118/77: O. Dahl — Staatsekretaris, Eersteling, 3.1.1877.
80. SN 102, pp. 286—288: H.C. Shepstone — O. Dahl, Pretoria, 16.4.1879.